

<i>HOOFSUK 2 ALKOHOL- EN DWELMMISBRUIK</i>	2
<u>INLEIDING</u>	2
<u>STATISTIEK VAN ALKOHOL EN DWELMMISBRUIK IN SUID-AFRIKA</u>	2
<u>ALKOHOLMISBRUIK</u>	3
<u>FASES VAN ALKOHOLMISBRUIK</u>	3
<u>TEKENS VAN ALKOHOLMISBRUIK</u>	4
<u>GEVOLGE VAN ALKOHOLMISBRUIK</u>	4
<u>DIE BEHANDELING VAN ALKOHOLISME</u>	5
<u>ONDERSTEUNING</u>	5
<u>WENKE OP DIE PAD NA HERSTEL</u>	6
<u>DWELMMISBRUIK</u>	6
<u>TIPES DWELMS</u>	7
<u>DAGGA (CANNABIS OF MARIJUANA)</u>	7
<u>MANDRAX</u>	8
<u>KOKAÏEN</u>	10
<u>HEROÏEN</u>	11
<u>KLUBDWELMS</u>	11
<u>METHAMPHETAMIEN OF TIK</u>	12
<u>TIPES BEHANDELING VIR AFHANKLIKHEID</u>	13
<u>BUIITE-PASIËNT BEHANDELING</u>	13
<u>BINNE-PASIËNT BEHANDELING</u>	14

HOOFSTUK 2

ALKOHOL- EN DWELMMISBRUIK

INLEIDING

Meer as 11% van alle Suid-Afrikaners ly tans aan een of ander verslawing. Alkohol en dagga is die gewildste dwelmmiddels in ons land. Die gevolge van verslawing kan verpletterend vir die verslaafde sowel as sy/haar familie wees. Verslawing het die potensiaal om gesondheid, loopbane, huwelike en gesinsverhoudinge totaal te vernietig.

Die volgende statistiek gee 'n idee van die uitwerking wat die misbruik van alkohol en dwelmmiddels op die samelewing het:

STATISTIEK VAN ALKOHOL EN DWELMMISBRUIK IN SUID-AFRIKA

Alkohol

- Alkoholmisbruik is die algemeenste vorm van substansmisbruik in Suid-Afrika.
- Dit dra jaarliks direk by tot bykans die helfte van alle motorongelukke.
- Alkoholmisbruik raak na beraming 17,5 miljoen Suid-Afrikaners.
- Meer as 30% van ons bevolking misbruik alkohol of loop die risiko om daaraan verslaaf te raak.

Dagga

- Die gebruik van dagga neem jaarliks toe – in die afgelope twee jaar het dit met 20% toegeneem.
- Suid-Afrikaners spandeer jaarliks enorme bedrae om dagga te koop – daar is bevind dat die geld wat Suid-Afrikaners aan dagga spandeer jaarliks in die omgewing van R3,5 biljoen verloop.

Kokaiën (in kristalvorm)

- Kokaiën verslaafdes kan tot soveel soos R30 000 per maand aan hul verslawing spandeer.

Tik

- Tik word deur tot 42% van die Wes-Kaap se dwelmverslaafdes misbruik.
- Die globale tik-handel voorsien hierdie dwelmmiddel na beraming aan 51 miljoen gebruikers wêreldwyd – hierdie getal styg jaarliks.

ALKOHOLMISBRUIK

Matige gebruik van alkohol is sosiaal-aanvaarbaar. Die volgende is kenmerke van sosiaal-aanvaarbare alkoholgebruik:

- Drink tydens sosiale geleenthede of maaltye.
- Drink sy drankie stadig.
- In 'n tydperk van 24 uur, word daar net een tot twee drankies gedrink.
- Drink nie elke dag nie.
- Alkohol word nie gebruik om 'n persoon op te kikker of te kalmeer nie.

Wanneer word alkohol misbruik?

Alkoholmisbruik word nie noodwendig aan die hoeveelheid alkohol gemeet nie, maar aan die kwaliteit van die gebruiker se funksionering.

Alkoholmisbruik is 'n groot probleem onder veral jongmense en die meeste van hulle is onbewus van die gevare daarvan. Groepsdruk speel 'n belangrike rol in alkoholmisbruik.

FASES VAN ALKOHOLMISBRUIK

Fase 1: Sosiale gebruike

- Die persoon besef geleidelik dat die gebruik van alkohol 'n kalmerende uitwerking het.
- Dit help om spanning en stres te verlig.
- Die persoon begin om 'n toleransie ten opsigte van alkohol te ontwikkel – gevolglik moet die persoon se alkoholname vermeerder om dieselfde kalmerende uitwerking te ervaar.

Fase 2: Geheueverlies

- Gedurende hierdie fase begin die gevaartekens – alhoewel die persoon nie sigbare tekens openbaar dat hy/sy onder die invloed van alkohol is nie, vind hy/sy dit die volgende dag moeilik om al die gebeure toe hy/sy onder die invloed van alkohol was, te herroep.

Fase 3: Die kritieke fase

- Tydens hierdie fase begin die persoon beheer verloor – hy/sy drink met die doel om dronk te word. Verskonings om elke dag alkohol in te neem word uitgedink. Alhoewel die persoon van mening is dat hy/sy in beheer is, het afhanklikheid reeds begin intree.

Fase 4: Die finale fase

- Wanneer hierdie fase bereik word, kan die persoon vir dae lank alkohol misbruik en konstant onder die invloed verkeer. Die persoon is totaal afhanklik en kan nie meer sonder die inname van alkohol funksioneer nie. Selfs al besef die persoon dat sy/haar afhanklikheid besig is om sy lewe op alle terreine te verwoes, beskik hy/sy nie oor die wilskrag om die misbruik te staak nie.

TEKENS VAN ALKOHOLMISBRUIK

- gepreokkupeerd met alkohol;
- angstig as alkohol nie beskikbaar is nie;
- begin leuens oor die alkoholgebruik vertel;
- spog oor die inname van alkohol;
- asem ruik die volgende dag nog na drank;
- drankies word vinnig gedrink;
- dink aan verskonings om te drink;
- ontken afhanklikheid;
- skuldgevoelens oor alkoholgebruik;
- eet peperment lekkers om asemreuk te verbloem;
- hoofpyne/naarheid in die oggend as gevolg van erge alkoholgebruik die vorige aand.

GEVOLGE VAN ALKOHOLMISBRUIK

Fisieke gevolge

Die volgende fisieke toestande kan as gevolg van alkoholmisbruik ontwikkel:

- Hoë bloeddruk
- Maagsere
- Nierversaking
- Floutes
- Swak gesondheid
- Slegte spysvertering

- Algemene wanvoeding
- Sirose van die lewer
- Verlies van breinweefsel

Sielkundige (Psigiese) gevolge

Die volgende psigiese gevolge kan as gevolg van chroniese alkoholmisbruik ontwikkel:

- Senuweesiektes
- Ernstige afhanklikheid
- Onder prestasie
- Aggressiewe uitbarstings wanneer onder die invloed van alkohol verkeer
- Depressie en 'n verwoestende uitwerking op verhoudings- en gesinslewe

DIE BEHANDELING VAN ALKOHOLISME

Alhoewel die pad na genesing moeilik is, is daar wel hulp en kan alkoholisme genees word. Die volgende is belangrike aspekte wanneer behandeling noodsaaklik geword het:

- Die behandeling moet by die unieke probleem en omstandighede van elke verslaafde pas. Soek 'n program wat in daardie behoeftes voorsien.
- Behandeling moet meer as net die misbruik aanspreek. Verslawing affekteer 'n persoon se hele lewe, insluitend verhoudings, werk, gesondheid en sielkundige welstand. Die sukses van behandeling sal afhang van die verslaafde se vermoë om 'n nuwe lewenswyse aan te neem en te begryp waarom daar in die eerste plek besluit is om hulle na alkohol/dwelmmiddelss te wend.
- Verbintenis tot die behandeling is uiters belangrik - dis nie 'n vinnige of maklike proses nie. Nasorg is deurslaggewend vir herstel op die langtermyn, ongeag die duur van die aanvanklike behandelingsprogram.
- Daar is talle plekke waar hulp beskikbaar is. Buiten dokters en sielkundiges bied maatskaplike werkers en beraders ook behandeling vir verslawing.

ONDERSTEUNING

Die pad na herstel is lank en swaar, en die persoon moet 'n sterk ondersteuningstelsel in plek hê – moet dus nie probeer om die pad op jou eie te loop nie:

- Steun op vriende en familie in die moeilike tye wat noodwendig sal opduik.
- Bou 'n sosiale netwerk van sober vriende wat jou herstelproses verstaan en ondersteun.
- Sluit by 'n ondersteuningsgroep aan en woon die vergaderings gereeld by.

WENKE OP DIE PAD NA HERSTEL

- Vermoed alle kontak met ou dwelm- of alkohol vriende.
- Bly weg van kroeg en klubs waar daar blootstelling aan dwelmmiddels en alkohol is.
- Wees eerlik oor jou geskiedenis van substans misbruik wanneer jy mediese hulp kry.
- Gebruik voorskryfmedisyne omsigtig.
- Identifiseer snellers – met ander woorde weet wat jou drang na alkohol of dwelmmiddels verskerp.
- Verander die manier waarop jy dink om meer positief te wees. Hier sal jy heel moontlik die hulp van 'n sielkundige of psigiater nodig hê.
- Begin 'n nuwe stokperdjie.
- Raak betrokke by jou gemeenskap.
- Stel vir jouself realistiese, betekenisvolle doelwitte
- Kyk mooi na jou gesondheid – oefen, kry genoeg slaap en eet gesond

DWELMMISBRUIK

Definisie van 'n dwelmmiddel

'n Dwelmmiddel is enige chemiese, natuurlike of mensgemaakte middel wat, indien dit ingeneem word, 'n verandering teweegbring in die wyse waarop 'n persoon voel, optree of hom/haar gedra. Omdat sekere middels soos toonbank-medikasie, alkohol of nikotien ook 'n invloed op die neuro-fisiologiese funksionering het, word dit ook as 'n dwelmmiddel beskou.

Weerstand teen dwelmmiddels

Die meeste dwelmmiddels kan na langdurige gebruik veroorsaak dat die liggaam by die uitwerking van die dwelmmiddels aanpas en gevolglik moet meer van die dwelmmiddel ingeneem word om die dieselfde effek te hê.

Afhanklikheid van dwelmmiddels

Daar kan 'n onderskeid getref word tussen 'n sielkundige en 'n fisiologiese afhanklikheid:

'n Sielkundige afhanklikheid verwys na wanneer 'n persoon 'n preokkupasie met of 'n drang na die dwelmmiddel ontwikkel. Gevoelens soos irritasie, hoofpyne en angstigheid kan ontwikkel indien die dwelmmiddel nie op die gesette tye ingeneem word nie.

Fisiese afhanklikheid kan al hierdie simptome insluit, maar die gebruiker ervaar ook 'n reeks onttrekkingsimptome wat erge ongemak meebring soos naarheid, hoë koors en spierkrampe.

Oordosis

'n Oordosis dwelmmiddels word geneem wanneer die gebruiker 'n dosis dwelmmiddels inneem wat hoër is as waaraan die liggaam gewoon geraak het.

Die gevolge kan wissel van naarheid/vomering tot 'n lewensgevaarlike toestand soos 'n hartaanval wat fataal kan wees.

TIPES DWELMMIDDELS

Die volgende tipe dwelmmiddels word voorts kortliks bespreek:

DAGGA (CANNABIS OF MARIJUANA)

Dagga bestaan gewoonlik uit die blare en skutblare van die Cannabis sativa plant. Dagga bevat meer as 421 verskillende chemikalieë.

Dagga en die brein

Die chemikalieë in die dagga bereik die brein deur die bloedstroom en kleef aan sekere reseptore in die brein. Hierdie reseptore kom veral dig voor in die volgende dele van die brein:

- Voorste korteks van die brein – hierdie deel van die brein stoor 'n persoon se logiese denke, oordeel en redenering.
- Die hippocampus - die sentrum in die brein vir lang- en korttermyn geheue.
- Die cerebellum - verantwoordelik vir koördinasie van beweging en ligaamspostuur.

Die uitwerking van dagga op die korttermyn

- 'n warm gloeiende gevoel van euforie en 'n verlies aan inhibisies;
- meer spraaksaam en uitgesproke;
- lagbuie en gegiggel;
- die wit van die oë word rooi;
- in die geval van hoër dosisse word die persoon se spraak onduidelik en hy/sy kan maklik in 'n diep slaap verval.

Die risiko's wat normaalweg met dagga verbind kan word

Asemhalingstelsel

- dagga rook veroorsaak 'n taaiërigte teer afskeiding in die delikate longweefsel;

- gereelde daggarokers het 'n hoër risiko om chroniese bronchitis te ontwikkel wat gepaard gaan met 'n chroniese hoes en uitermatige slym.

Hart en bloedsomloop

- dagga verhoog die bloeddruk en veroorsaak 'n hoë druk op die bloedvate;
- dit kleef ook vas aan hemoglobien, wat die hoeveelheid suurstof wat deur die hartweefsel vervoer word, verminder en plaas sodoende verhoogde druk op die hart.

Manlike voortplantingstelsel

- Strawwe dagga rook by mans word verbind met 'n verlaagde testosteroon en semenvlakke.
- Toename in sperms met 'n abnormale voorkoms.

Afhanklikheid

- Langdurige en oormatige gebruik kan afhanklikheid veroorsaak.
- Die volgende onttrekkingsimptome kan voorkom:
 - slaaploosheid
 - verlies aan eetlus
 - irritasie
 - angstigheid
 - rusteloosheid
- Daggagebruikers kombineer dagga gereeld met Mandrax wat veroorsaak dat die onttrekkingsimptome vererger.

MANDRAX

Mandrax is die handelsnaam van 'n kalmeermiddel. Hierdie tablette word in verskillende vorms kleure en onder 'n verskeidenheid van name verkoop. Die algemeenste name vir Mandrax is die volgende:

- Buttons
- Whites
- Pille
- Knopies
- MX

Die gewildste manier om Mandrax te gebruik is deur die berugte “witpyp” – die Mandrax word met dagga gemeng en in ’n gebreekte bottelnek gerook.

Korttermyn uitwerking

- Lomerige euforiese gevoel.
- Vertraagde reaksies
- Stadige onduidelike spraak
- Seksuele prikkeling

In hoër dosisse

- Disoriëntasie
- Paniekaanvalle
- Abnormale vinnige hartklop
- Kouekoors.

Risiko’s wat met mandrax verbind word

Misbruik en langdurige gebruik kan die volgende risiko’s inhou:

- Abnormale hartritme
- Beskadiging van die lewer
- Bloeding van die maagwand en maagkrampe
- Erge hoofpyne
- Psigotiese episodes – hoor van stemme, vreesagtigheid, paranoia
- Versteurde slaappatrone, irritasie, chroniese moegheid
- Afhanklikheid

Chroniese gebruik van Mandrax kan beide sielkundige en fisiese afhanklikheid insluit.

Onttrekkingsimptome kom voor een tot drie dae na die laaste dosis en kan die volgende simptome veroorsaak:

- Rusteloosheid
- Irritasie
- Slaaploosheid
- Angstigheid
- Verlies aan eetlus

- Hoofpyne
- Naarheid en vomering
- Spierpyne

Erger onttrekking kan ook voorkom wat verhoogde liggaamstemperatuur tot gevolg het wat fataal kan wees.

Die sielkundige onttrekking word gekenmerk deur die drang van die sielkundige effek van die dwelmiddel wat alle ander aspekte van die gebruiker se lewe oorskadu.

KOKAÏEN

Kokaïen is 'n fyn, wit reuklose maar bitter kristalpoeier. Dit word verkry van die blare van die kokaplant – Erythroxylon coca.

Dit is 'n kragtige stimulant wat duur en hoogs verslawend is.

Kokaïen word gewoonlik gesnuif of gerook maar dit kan ook ingespuet word. Rookbare kokaïen word ook “crack” genoem – dit kom voor in die vorm van gelerige korreltjies. “crack” veroorsaak 'n meer intense euforiese sensasie – die verslawingsproses word dus verhaas.

Korttermyn uitwerking van kokaïen

- Intense euforie (“high”)
- Verhoogde hartklop, verhoogde bloeddruk
- Vinnige asemhaling, verhoogde liggaamstemperatuur
- Verhoogde bewustheid van omgewing
- Verhoogde energie, spraaksamheid
- Verlies aan eetlus

Die euforie (“high”) van kokaïen neem egter vinnig af – na ongeveer 20 minute neem die onmiddellike effek af en word dit vervang deur rusteloosheid, irritasie, vermoeidheid, depressie.

Langtermyn-tekens van kokaïen-misbruik

- Loopneus
- Slaaploosheid
- Swak konsentrasie en geheue
- Sere op die mond en neus
- Angstigheid

- Ernstige sielkundige verslawing

Kokaïen is een van die mees sielkundige verslawende dwelmmiddels bekend aan die mensdom. Die intense drang na die dwelmmiddel veroorsaak dat die gebruiker enige iets sal doen om dit in die hande te kry. Geldverkwisting, bedrog en diefstal kom dikwels voor.

HEROÏEN

Heroïen is 'n onwettige en erg verslawende depressiewe dwelmmiddel wat in die melksap van die Papaver somniferum-plant voorkom. Afghanistan is die grootste vervaardiger daarvan. Heroïen kan gesnuif, gerook of ingespuet word.

Korttermyn uitwerking

Die effek begin deur 'n intense ontspanning wat gevolg word deur 'n warm lomerige toestand wat vir ongeveer 5 ure duur. Ander onmiddellike effekte sluit die volgende in:

- verlaagde liggaamsaktiwiteite
- slap ooglede
- onduidelike spraak
- jeukende sensasie op die vel
- droë mond
- moeilike asemhaling

Risiko's van heroïen-gebruik:

- gedeelde naalde kan HIV/MIV veroorsaak.
- bloedklonte
- oordosis – wanneer 'n gebruiker vir 'n wyle nie die dwelmmiddel ingeneem het nie, kan die volgende inname maklik tot 'n oordosis lei.
- nierversaking
- intense sielkundige en fisiese afhanklikheid
- Onttrekkingsimptome is lewensbedreigend en sluit die volgende in:
 - Waterige oë, loopneus en sweet
 - Rusteloosheid, irritasie, angstigheids, slaaploosheid, verlies aan eetlus en konsentrasie
 - Bewing en kouekoors

KLUBDWELMMIDDELS

Klubdwelmmiddels (of dansdwelms) word gewoonlik by dansklubs gebruik sodat die gebruiker die hele nag op die maat van “rave” musiek kan dans. Hierdie dwelmmiddels sluit gewoonlik ecstasy en tik in.

Ecstasy

Ecstasy is 'n stimulant-dwelmmiddel wat gewoonlik beskikbaar is in 'n verskeidenheid van pille, tablette of poeiers in verskillende kleure en vorms. Welbekende motiewe word gewoonlik op die tablette gebruik (soos swaeltjies of duiwe of korporatiewe logo's soos Volkswagen s'n ens.)

Korttermyn uitwerking

Die dwelmmiddel word mondelings ingeneem en neem ongeveer 30 tot 40 minute om die verlangde uitwerking te hê.

Die dwelmmiddel veroorsaak die volgende simptome:

- euforie
- verlies aan inhibisies
- empatie
- fisiese energie
- verhoogde sensitiwiteit

Gevare en risiko's

- dwelmmengsels en onsuierhede
- vergiftiging en oordosis is werklike risiko's
- hittegolwe – Ecstasy belemmer die liggaam se regulering van temperatuur. Die verhoogde fisiese aktiwiteit en die verhoogde sensoriese sensasies as gevolg van die bulderende musiek en vogtige atmosfeer in klubs dra by tot die hittegolwe.
- verhoogde bloeddruk wat lewensgevaarlik kan wees.

METHAMPHETAMIEN OF TIK

Tik kom gewoonlik voor in halfdeurskynende poeier of kristalle. Dit kan verkoop word in halwe strooitjies en word mondelings ingeneem – dit kan ook ingespuut word.

Die algemeenste manier om dit in te neem is om dit in 'n gloeilamp te rook waarvan die metaal verwyder is of in 'n spesiaal-gemaakte glaspyp wat 'n “lolly” genoem word.

Korttermyn uitwerking:

Die stimulerende uitwerking van Tik word onmiddellik ervaar:

- verhoogde wakkerheid, waaksaamheid en selfvertroue.

- verhoogde fisiese aktiwiteit
- spraak versnel
- aggressie en irritasie

Gevare en risiko's

Die langtermyn gevare en risiko's van die gebruik van Tik sluit die volgende in:

- aggressiewe en gewelddadige gedrag
- min of geen plesier uit voorheen aangename aktiwiteite
- longaandoenings
- gewigsverlies en wanvoeding
- absesse in die gesig en mondinfeksies
- slaapafwykings
- hartprobleme
- psigose: Intense paranoia, selfmoordgedagtes, waanbeelde – sal byvoorbeeld sensasies ervaar soos dat insekte onder die vel rondkruip
- opsigtelike fisiese agteruitgang

Die gebruik van Tik lei vinnig tot die psigologiese afhanklikheid daarvan. Dit word gekenmerk deur ernstige gemoedsafwykings. Gebruikers wend hulle dikwels tot kriminele gedrag om die gewoonte in stand te hou.

Onttrekkingsimptome van Tik sluit die volgende in:

- Ernstige depressie
- Intense drange
- Ineenstorting as gevolg van vermoëienis
- Slaapafwykings
- Irritasie
- Maagkrampe
- Asemhalingsprobleme

TIPES BEHANDELING VIR AFHANKLIKHEID

BEHANDELING AS BUIE-PASIËNT

Hierdie tipe behandeling behels dat die persoon behandeling by 'n kliniek soos byvoorbeeld SANCA ontvang, deurdat hy/sy individuele en groepsessies bywoon, maar nie inslaap nie. Die persoon kan dus sy daaglikse verantwoordelikhede met betrekking tot sy/haar werk voortsit.

Hierdie tipe behandeling is veral effektief in die vroeë stadium van verslawing.

BEHANDELING AS BINNE-PASIËNT

Wanneer 'n persoon tekens openbaar van afhanklikheid wat in 'n meer gevorderde stadium is, is behandeling binne 'n sentrum gewoonlik die enigste oplossing.

Die verskillende klinieke se behandeling wissel van kliniek tot kliniek. Sommige klinieke se behandelingsprogram strek oor drie weke terwyl ander programme tot 'n jaar kan duur.

Dit is baie belangrik dat die persoon se motiewe suiwer is tydens opname en dat hy/sy gemotiveerd is vir behandeling. Indien die persoon teen sy sin gaan, is dit baie moeilik om positiewe resultate te kry.

Die Wet op Voorkoming en Behandeling van Substansmisbruik (No.70 van 2008) maak egter wel daarvoor voorsiening dat indien die persoon 'n gevaar vir homself of vir ander word, hy/sy deur die hof gedwing kan word om vir behandeling te gaan. Dit gebeur dikwels wanneer die afhanklikheid kriminele gedrag tot gevolg het.

DIE WET OP VOORKOMING EN BEHANDELING VAN SUBSTANSMISBRUIK (NO. 70 VAN 2008)

Luidens bogenoemde wet moet die prosedure gevolg word om 'n persoon te dwing om vir behandeling te gaan:

- 'n Beëdigde verklaring moet deur 'n maatskaplike werker, gemeenskapsleier of 'n persoon/familielid wat met die afhanklikheid van die persoon bekend is, by die landdroskantoor wat jurisdiksie oor die betrokke persoon het, afgelê word;
- Die verklaring moet die volgende inligting bevat:
 - die persoon (respondent) is 'n gevaar vir hom/haarself asook vir die persone/omgewing rondom hom/haar;
 - die persoon is skadelik vir sy/haar eie welsyn of vir die welsyn van sy/haar familie en ander persone rondom hom/haar;
 - die persoon maak homself/haarself skuldig aan kriminele gedrag om die afhanklikheid te onderhou;
- Die klerk van die hof moet, op versoek van die staatsaanklaer, 'n dagvaarding uitreik sodat 'n polisie-beampte die betrokke gebruiker voor die hof kan daag om voor 'n landdros te verskyn.
- 'n Maatskaplike werker wat oor die nodige bevoegdheid beskik, moet 'n verslag oor die omstandighede van die gebruiker opstel en aan die hof voorlê. Die staatsaanklaer mag

enige persoon dagvaar om voor die hof te verskyn indien daardie persoon oor inligting beskik wat relevant tot die saak is.

- Die hofverrigtinge vind in camera plaas – met ander woorde slegs die betrokke persone mag teenwoordig wees, dit is dus nie 'n openbare hofsitting nie.
- Die persoon oor wie die hofverrigtinge handel het reg tot die volgende:
 - regsverteenvoordinging;
 - mag getuies roep en kruisondervra;
 - mag self getuienis lewer of dit deur sy/haar regsverteenvoordiger doen;
 - mag redes bring waarom 'n bevel om hom/haar na 'n behandelingsentrum te verwys, ongeldig sou wees
- Enige persoon wat valse getuienis lewer, maak homself/haarself skuldig aan 'n misdryf en is strafbaar volgens die voorskrifte van die wet.
- Die landdros wat die verrigtinge lei moet;
 - gelas dat die betrokke persoon deur 'n mediese praktisyn, psigiater of sielkundige evalueer word – die betrokke maatskaplike werker laat hierdie evaluering gewoonlik voor die hofverrigtinge doen;
 - indien daar slagoffers van die respondent se kriminele dade teenwoordig is, kan die landdros hul getuienis aanhoor.
- Die inhoud van die verslag moet met die respondent behandel word en hy/sy moet die geleentheid gegun word om die opsteller van die verslag te kruisondervra.
- Indien die landdros sou bevind dat dit in die respondent se belang is om vir behandeling te gaan, sal die landdros 'n bevel uitvaardig dat die respondent in 'n behandelingsentrum opgeneem word, vir 'n maksimum tydperk van 12 maande.

NUTTIGE KONTAKNOMMERS:

Alkoholiste Anoniem (AA) Nasionale Hulplyn: 0861 HELP AA (435-722) gso@asouthafrica.org.za		
Wes-Kaap: Kaapstad	(021) 418 0908	aawestcape@telkomsa.net
KZN: Durban	(031) 301 4959	aakzn@telkomsa.net
Oos-Rand: Benoni	(011) 421 1748	aaeastrand@gmail.com
Oos-Kaap: Oos-Londen	(082) 787 6973	jumbopadayachee@yahoo.com
OVS, Noord-Kaap	(011) 867 5950	jwra@asouthafrica.org.za
Johannesburg, Wes-Rand	(011) 867 5950	jwra@asouthafrica.org.za
Mpumalanga	(012) 993 5827	office@npaa.org.za

Port Elizabeth	(041) 452 7328	aape@telkomsa.net
Pretoria	(012) 993 5827	office@npaa.org.za
Vaaldriehoek	(081) 795 6577	aavaaltriangle@gmail.com
Narcotics Anonymous (NA) Nasionale Hulplyn: 083 900 69 62 Skakel die nasionale hulplyn vir die naaste byeenkoms		
Kaapstad Byeenkomste		ct-emailhelpline@na.org.za
Gauteng Manne Byeenkomste		jhb-menshelpline@na.org.za
Gauteng Vroue Byeenkomste		jhb-womenshelpline@na.org.za
KZN Manne Byeenkomste		kzn-menshelpline@na.org.za
KZN Vroue Byeenkomste		kzn-womenshelpline@na.org.za
SANCA Nasionale Hulplyn: 086 14 72622 Skakel die nasionale hulplyn vir die naaste SANCA kantoor Nasionale hulplyn vir substansmisbruik 0800 121314		